GOD OMSTREDE IN WêRELD WAT GROEI

(Beeld, 04/10/2004)

Julian Müller

Die godsdienstig-kerklike gesprek vloei deesdae in een van twee strome. Aan die eenkant is daar berigte oor die Omstrede God (na aanleiding van Litnet). Aan die ander kant lees ons van tyd tot tyd oor ongekende suksesse en groei van kerke Twee realiteite van die Christendom in Suid-Afrika. Die een is 'n wêreld van worsteling met die vraagstuk van God en geloof. Die ander 'n wêreld van triomfantlike groei.

Vir baie gelowiges het God, godsdiens, kerk en geloof inderdaad omstrede geword. Hulle kry nie die kloutjie by die oor nie. Hulle sukkel om hulle geloof te verwoord en integriteit te behou in 'n postmoderne tyd. Terwyl daar aan die ander kant ook 'n groot deel van die Christelike kerk is, wat ongeduldig is met hierdie rasionele gesprek en net entoesiasties die ongekende groei wil vier. Hoe is dit moontlik dat twee sulke uiteenlopende strominge tegelyk in dieselfde godsdienstige tradisie kan funksioneer? En waar posisioneer die Afrikaanse kerke hulle te midde van hierdie uiteenlopende kragte?

Dit is duidelik dat baie kerke gekies het om hulleself ondubbelsinnig aan die kant van die groeiende entoesiasme te posisioneer. In daardie geledere word rasionele bevraagtekening doodgesmoor terwyl toewyding en die charismatiese werking van die Heilige Gees tot emosionele hoogtes gevoer word. In dieselfde geledere word daar ook persepsies opgebou oor die "sterwende hoofstroomkerke". Volgens daardie persepsies bestaan daar net eenvoudig nie enige lewe en groei in enige van die tradisionele kerke nie. Onlangs nog het ek 'n Amerikaanse kerklike hoor sê: "Presbyterians don't evangelize". Dit was in 'n grap gesê, maar soos ons weet, met sulke grappige opmerkings word persepsies gebou.

Dus, die populêre keuse waarvoor die groot gros gelowiges hulle vandag bevind is redelik eenvoudig: Óf jy is deel van 'n verouderende en selfs terminale Christendom waar daar niks gebeur nie, óf jy is deel van die nuwe dinamiese en groeiende Christendom en sluit aan by een van die entoesiastiese kerke of gemeentes. In sulke gemeentes vind mense 'n kloppende lewe met 'n fundamentalistiese prediking waar die basiese waarhede van die geloof weer en weer uitgespel word en kritiese bevraagtekening as ongeloof afgemaak word. Die meeste

mense hoef nie lank te dink oor so 'n keuse nie.

Maar is hierdie óf-óf persepsie wat geskep word werklik waar? Dit strook nie met my ervaring nie. Ek kan verhale vertel van gemeentes in ons land en in Europa en Amerika waar warmte en entoesiasme gekombineer word met 'n krities-denkende teologie. In sulke kerke vind mens dat daar op 'n stylvolle wyse vasgehou word aan die liturgiese tradisie van die eeue, terwyl daar in die prediking eerlik met uitdagende en selfs omstrede kwessies omgegaan word. Dit is kerke wat hulle nie laat meesleur deur 'n oppervlakkige teologie waar groei en entoesiasme die allesoorheersende waardes is nie. Dit is kerke waar daar intens geworstel word met die vraag wat die evangelie vir vandag se mense en vandag se samelewing te doen het.

Dit is so dat baie gemeentes van hoofstroomkerke tekens van veroudering en dood vertoon, wat meestal ook waar is van die gemeenskappe wat hulle verteenwoordig. Dit is egter nie korrek om veralgemenende persepsies op te bou wat sulke gemeentes deur die bank in 'n slegte lig plaas nie. Die wesenlike bydraes wat op die lang duur kwaliteit vertoon, kom juis meestal van sulke kerke. Dit is daardie kerke wat 'n sterk sosiaal-etiese bewussyn vertoon, wat ook 'n erediens aanbied van estetiese kwaliteit en diepte. Onlangs was daar 'n insiggewende berig deur Neels Jackson (Beeld, 1 September 2004) wat vertel van 'n opname wat in 'n studentegemeente gedoen is. Daarvolgens het die groot meederheid studente gekies vir orrelmusiek, gekombineer met moderne en klassieke instrumente. Die moderne orkes met kitare en tromme het die minste aftrek gekry.

Dit is maklik om op die populêre wa te spring en vanuit 'n oor-entoesiastiese godsdienstige belewing die res af te skiet as sukkelend en sterwend. Die uitdaging is egter om kwaliteit en rasionaliteit in ons godsdiens te integreer met warmte, toewyding en diensbaarheid. Na my mening bied die hoofstroomkerke nog steeds die beste moontlikhede vir so 'n integrasie van geloof en rede. En dit is waaraan ons ten diepste behoefte het.